higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## OPENBARE FINANSIES N6

## 24 MEI 2019

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B |
| | 1.1.2 | B |
| | 1.1.3 | B |
| | 1.1.4 | A |
| | 1.1.5 | B |
| | 1.1.6 | D |
| | 1.1.7 | C |
| | 1.1.8 | A |
| | 1.1.9 | D |
| | 1.1.10 | D |

(10 × 2) (20)

| | | |
|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | Onwaar |
| | 1.2.2 | Waar |
| | 1.2.3 | Waar |
| | 1.2.4 | Onwaar |
| | 1.2.5 | Waar |
| | 1.2.6 | Onwaar |
| | 1.2.7 | Onwaar |
| | 1.2.8 | Onwaar |
| | 1.2.9 | Onwaar |
| | 1.2.10 | Waar |

(10 × 2) (20)

| | | |
|---|---|---|
| 1.3 | 1.3.1 | Teendumpings |
| | 1.3.2 | LBS |
| | 1.3.3 | SAID (Suid-Afrikaanse Inkomstediens) |
| | 1.3.4 | tussentydse |
| | 1.3.5 | Belastingbasis |
| | 1.3.6 | belasting |
| | 1.3.7 | Begroting |
| | 1.3.8 | Kapitaal |
| | 1.3.9 | hereregte |
| | 1.3.10 | Minister van Finansies |

(10 × 2) (20)

| | | |
|---|---|---|
| 1.4 | 1.4.1 | binnelandse |
| | 1.4.2 | belastingbasis |
| | 1.4.3 | seëlreg |
| | 1.4.4 | sonde- |
| | 1.4.5 | progressief |
| | 1.4.6 | inkomstebelasting |
| | 1.4.7 | motiveringsverslag |
| | 1.4.8 | Persoonlike inkomstebelasting |
| | 1.4.9 | sosiale verantwoordelikheid |
| | 1.4.10 | BTW |

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou 

1.5 1.5.1 D
1.5.2 G
1.5.3 H
1.5.4 I
1.5.5 J
1.5.6 C
1.5.7 F
1.5.8 A
1.5.9 B
1.5.10 E

(10 × 2) (20)
**[100]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 100**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1
- Dit gee 'n weerspieëling van die land se finansiële beleid.
- Dit is ’n bron van die regering se finansiële inligting.
- Dit bevorder die herverdeling van welvaart.
- Dit reguleer die land se ekonomie.
- Dit voorsien besonderhede van die verskillende departemente se bedryfsprogramme.
- Die koördineer en integreer die verskillende departemente se bedrywighede.
- Die beheer die regering se besteding. (Enige 6 × 2) (12)

2.2
- Personeel: Sluit werknemers en hul salarisse in
- Administratief: Die koste verbonde aan die implementering van doelstellings deur middel van administrasie en goeie korporatiewe bestuur
- Voorrade en toerusting: Moet aangekoop (of verkoop) word om die regering se doelstellings te verwesenlik
- Grond en geboue: Behels die aankoop of verkoop van grond en geboue om dienste te kan lewer
- Professionele en spesiale dienste: Behels dat spesialiste van buite die departement ingeroep word om take wat gedoen moet word, te voltooi of raad daaroor te gee (5 × 2) (10)

2.3
- Doelwitstruktuur
- Skedule van bedrywighede
- Hulpbronskedule
- Finansiële skedule (4 × 2) (8)

2.4 2.4.1 ’n Kapitaalbegroting is die beplanningsproses waarvolgens bepaal word of dit die moeite werd is om die regering/organisasie se langtermynbeleggingsprojekte✓✓ in kontant deur middel van die organisasie se kapitaliseringstruktuur te finansier.✓✓ (4)

2.4.2
- Terugbetalingstydperk✓ – meet die tyd waartydens die aanvangskontantvloei deur die projek teruggegee word✓
- Netto huidige waarde✓ – die totale aanvangskontantuitvloei minus die som van verdiskonteerde invloeie✓
- Interne opbrengskoers✓ – die verdiskonteerde koers waarteen die netto huidige waarde van die projek nul word✓ (3 × 2) (6)

2.5 2.5.1 Dit is die belasting wat op persoonlike eiendom soos ooreenkomste en kontrakte, verbande, doeane- en aksynsdokumente gehef word.

2.5.2 Dit is die belasting of geld wat vir die gebruik van bepaalde produkte en dienste gehef word.

2.5.3 Dit is die belasting wat oor die algemeen met die owerhede se toestemming van individue of ondernemings se inkomste afgetrek word.

2.5.4 Sekere instansies soos instellings sonder ’n winsoogmerk word vrygestel daarvan om belasting te betaal solank hulle geen wins maak nie.

2.5.5 Die regering van die dag kan besluit om die fiskale beleid in te span om ekonomiese groei te stimuleer deur spesiale vrystellings toe te staan aan uitvoerders en industrieë wat aan opleiding en die desentralisering van bedrywighede deelneem.

(5 × 2) (10)
**[50]**

## VRAAG 3

3.1 **Voorbeheermaatreëls**✓
- Dit is ’n voorgeskrewe kontrole of beheermaatreël✓ wat berus op voorskrifte en ’n raamwerk alvorens daar tot aksie oorgegaan word.✓
- Dit skryf ook voor hoe die aksie moet plaasvind.✓

**Ex-post-facto beheermaatreëls**✓
- Dit is van krag nadat die aksie uitgevoer is.✓
- Tipiese voorbeelde hiervan is finansiële en effektiwiteitsoudits.✓
- Ex-post-facto beheermaatreëls bestaan uit die beheer van resultate aan die hand van voorafbepaalde doelwitte en oogmerke.✓
- Dit evalueer ook die resultate vir doeltreffendheid en effektiwiteit.✓
- Dit lei tot toerekenbaarheid jeens die hoër owerhede.✓ (10)

3.2
- Dit is uiters belangrik dat die parlement oor die oppergesag oor sowel die uitvoerende as die administratiewe owerheidsfere moet beskik.
- Dit beteken dat hierdie twee ondergeskikte instansies ten volle aan die verkose verteenwoordiger van die wetgewende gesag toerekenbaar moet bly.
- Die begroting is ’n uitstekende instrument waarvolgens toerekenbaarheid geëis en aangemoedig kan word.
- Die begroting kan ook as verwysing gebruik word wanneer wanbestuur vermoed of ondersoek word.
- ’n Begroting is ’n verwysing wat gebruik kan word om toerekenbaarheid van alle regeringsvlakke en alle amptenare in daardie departemente te eis.

(5 × 2) (10)

3.3
- Doen voorbereiding: Elke departement neem sy eie bestedingsbesluite en verwys dit vir goedkeuring na die besluitnemers.
- Keur goed: Die owerhede debatteer oor die versoeke wat die departemente ingedien het en keur dit goed.
- Voer dit uit: Goedgekeurde begrotings word gebruik deur die departemente wat al die voorskrifte volg.
- Oefen beheer uit: Dit is om te evalueer hoeveel geld in werklikheid aan die oudits bestee is. (4 × 2) (8)

3.4
- Boedelbelasting, byvoorbeeld belasting wat op oorledenes se welvaart gehef word
- Eiendomsbelasting, byvoorbeeld belasting wat op die waarde van ’n individu of onderneming se eiendom gehef word
- Hereregte, byvoorbeeld belasting wat op die oordrag van eienaarskap van eiendom gehef word
- Kapitaalwinsbelasting/Winsbelasting, byvoorbeeld belasting wat gehef word op die wins wat die onderneming gemaak het terwyl hy sy sakebedrywighede uitgevoer het (4 × 2) (8)

3.5 Dit is die gedeelte van die belasbare bedrag/die belastingkoers wat betaalbaar is, afhangende van 'n individu of onderneming se peil van inkomste. (2)

3.6 Die subjekte van belasting is die mense of regsentiteite wat verantwoordelik daarvoor is om die vereiste belasting te betaal. Die voorwerpe van belasting is die besittings van die subjekte, byvoorbeeld inkomste, welvaart (eiendom) en bestedingsmag (soos met verbruiksbelasting). (3 + 3) (6)

3.7
- Bron van inkomste vir die regering
- Reguleer die land se ekonomie
- Bron van welvaartherverdeling (3 × 2) (6)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1
- Hoë prioriteit
- Noodsaaklike uitbreidings
- Gewenste uitbreidings
- Nuttige uitbreidings
- Ontbeerlike ('dispensable') uitbreidings (5 × 2) (10)

4.2
- Belasting: Belasting kan gehef word ten opsigte van diegene wat ’n hoër inkomstewelvaart het.
- Liefdadigheid: Organisasies kan opgerig word deur diegene met hoë inkomstewelvaart om te help om geld vir hulpbehoewende mense in te samel.
- Openbare dienste: Die regering kan bepaalde dienste lewer aan mense wat binne sy jurisdiksie bly.
- Grondhervorming: Die regering kan wette uitvaardig waarkragtens landbougrond aan mense sonder enige grond hertoegedeel kan word.
- Monetêre beleid: Die Reserwebank kan die geldvoorraad beheer ten einde pryse deur die bestuur van inflasie en rente te stabiliseer. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

4.3
- Finansiële verantwoordelikheid: Die instellings, wat die finansies benodig, moet duidelik geïdentifiseer word.
- Doel van besteding: Elke projek of taak begin altyd met ’n doelwit.
- Bestedingsitems: Sodra die spesifieke doelwitte in besonderhede uiteengesit is, moet spesifieke goedere en dienste genoem word waarmee die doelwit verwesenlik kan word.
- Bron van finansiering: Die bron van finansiering is op sigself die begrotingspos vir ’n fonds of ’n rekening.
- Klassifikasie volgens program: Hulpbronne word volgens program, subprogram, aktiwiteit en ontwikkelings toegeken. (5 × 2) (10)

4.4
- Bron van inkomste
- Ontmoedig die verbruik van bepaalde skadelike produkte soos tabak, alkohol, en so meer
- Word op luukse-artikels soos juwele, kosmetiese produkte, ens, gehef ten opsigte van diegene met groot welvaart, as vorm van welvaartherverdeling (3 × 2) (6)

4.5 Inkomstebelasting is die primêre en mees aansienlike bron van inkomste vir die regering✓✓ om goedere te produseer en dienste aan die gemeenskap te voorsien.✓✓ (4)

4.6
- Fondse word vir spesifieke doeleindes, wat in die begrotingsdokumente volgens item aangedui word, beskikbaar gestel.
- Oormaatbesteding kan slegs deur die minister van die bepaalde departement toegelaat word, maar slegs tot en met ’n maksimum van ’n bepaalde persentasie van die begroting.
- Fondse wat vir daardie jaar toegeken is, moet in daardie finansiële jaar bestee word; dit kan nie na die volgende jaar oorgedra word nie.
- Fondse kan slegs bestee word nadat die rekenkundige beampte van elke departement dit goedgekeur het.
- Die goedkeuring van die wetgewer moet verkry word as departemente dit oorweeg om fondse te bestee aan enigiets waarvoor hulle nie begroot het nie. (5 × 2) (10)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou